
# Die vreemde paaie van FAMILIENAVORSING



Petro Coreejes-Brink
**Bibliotekaris, Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie**

Na 'n geselsie met ouma en oupa wonder jy dalk 'waar kom my familie vandaan?' Hierdie vraag was al menig maal die begin van 'n groot navorsingsoektog wat 'n leeftyd kan duur. As jy eers geprikkel word deur die soeke na elke stukkie van die familielegkaart sal jy nie kan ophou vrae vra oor jou voorgeslagte nie. Wat wel van belang is, is dat jy begin boekhou van wie wat gesê het. 'n Handige stukkie toerusting wat jy wel kan aanskaf voor jy aan die werk spring, is 'n klein bandopnemer wat gebruik kan word tydens die onderhoud. Hierdie opnames kan met tyd kosbare familiebesit word.

Dit is lekker om soms terug te sit en te luister na belewenisvertellings. Hierdie vertellings kan soveel meer verryk word as dit aan die hand van foto's gedoen word. Maak 'n afspraak met van die oudste lede van jou familie en vra dat hulle asseblief vir jou foto's reg hou. Vertellings rondom foto's neem die verteller normaalweg op 'n virtuele toer van hul eie lewe. As jy dalk gelukkig is word van hierdie foto's aan jou gegee. Maak net seker om al die detail van die foto agterop te skryf, soos byvoorbeeld, datum, plek en name van mense op die foto. Bewaar hierdie kleinnode in suurvrye houers en 'n donker plek vir die nageslag.



Na al die geselsies, baie koppies tee en koekies, mag jy dalk voel dit is nou tyd om 'n bietjie orde te gee aan hierdie magdom inligting wat jy tot op datum versamel het. As jy nog nie 'n draai gemaak het by jou openbare biblioteek nie, is dit nou die tyd! Wat jy tot nou toe beskou het as familienavorsing word ook genealogie genoem. Die **HAT** beskryf laasgenoemde baie raak as '...*opsomming van iemand se voorouers en hulle nageslagte in natuurlike volgorde*'. Volgorde is van groot belang, as jy wil orde hou tussen al die datums en name wat jy al versamel het. Dit is maklik om verstrengel te raak as dit kom by persone met dieselfde naam en van. Die Suid- Afrikaanse naamgewingsgebruike (wat nie hier bespreek gaan word nie), dra by tot die verwarring. Dit is maar net in die laaste 30 jaar wat daar wegbeweeg word van die naamgewingsgebruike wat slaafs nagevolg is deur baie geslagte heen.

Tydens 'n besoek aan openbare biblioteke mag jy dalk gelukkig wees om die reeks van die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA) se werke, die **Suid-Afrikaanse Geslagregisters**, raak te loop. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) het in 1986 die eerste van 'n reeks uitgegee wat bestaan uit vanne wat met A begin. Hierdie reeks word tans uitgegee deur GISA met die laaste publikasie, wat vanne soos Uys insluit, in Volume 13. In hierdie standaardwerk oor Suid-Afrikaanse families kan jy inligting bekom oor jou voorgeslagte tot en met 1900. Die lyste van name, vanne en datums mag dalk oorweldigend wees as jy vir die eerste keer kennis maak met hierdie publikasie. 'n Handige handleiding, wat dalk nou al baie verouderd is, is **Handleiding vir genealogiese navorsing in Suid-Afrika**, deur RTJ Lombard (1977). Die kodestelsel wat gebruik word in genealogie word kortliks in hierdie boek bespreek. Hierdie boek is ook in Engels beskikbaar. As jy in familiewapens belangstel sal die werk van Cornelis Pama, **Die groot Afrikaanse familienaamboek**, jou baie interesseer. Daar is 'n groot verskeidenheid familiewapens in hierdie werk opgeneem en wat alfabeties volgens vanne aangebied word. Ongelukkig is hierdie wapens net voorbeelde van wapens wat deur 'n betrokke persoon met 'n bepaalde van gebruik is en moet dit dus nie as die enigste familiewapen van 'n familie aanvaar word nie.

Sommige biblioteke mag dalk familieboeke hê soos **Cellier, Celliers, Cillié, Cilliers familie in Suid-Afrika** deur M Olivier (2004) en **Die Van Deventer-familiekroniek** deur JC van Deventer (1995). Hierdie familiegeskiedenisse dek in baie gevalle inligting van die stamvader wat na Suid-Afrika gekom het vanaf Europa, tot hedendaagse inligting. Wat hierdie boeke so interessant maak is al die vertellings en skete wat

opgeteken is oor die familie. Baie keer word 'n historiese blik ook oor die familielede gegee wat die 'vleis' aan die eentonige datums en naamlyste gee wat genealogiese navorsing kenmerk.

Ander boeke wat jy dalk ook mag teëkom is die werk van DF Malherbe, **Driehonderd jaar nasiebou: stamouers van die Afrikanervolk**, wat 'n opdatering is van die werk van CC de Villiers, **Geslacht-register der Oude Kaapsche Familiën** (1893). Beide van hierdie werke is in die verlede beskou as die boustene vir enige navorsing oor Suid-Afrikaanse families.

As jy dalk sou belangstel om te weet of daar al meer navorsing oor jou familie gedoen is, kan die Internet van groot hulp wees. Op die webtuiste van GISA, *www.gisa.org.za* is daar kontakbesonderhede van navorsers wat reeds familieboeke die lig laat sien het. Interessante brokkies inligting kan op hierdie webtuiste gevind word en die hulpbronne wat jou verwys na verwante webtuistes en selfs die besonderhede van geselsforums kan hier gevind word. Die Genealogiese Instituut is op Stellenbosch en kan gekontak word om hulp te verleen met enige basiese navorsing oor families in Suid-Afrika teen 'n minimale fooi. Indien jy wel self op Stellenbosch 'n draai kan maak, kan jy GISA vir 'n dag of 'n paar uur gaan besoek. 'n Dag- of uurlikse fooi is betaalbaar.

Die Kaapse argiefbewaarplek in Kaapstad is nog 'n bronnesentrum wat 'n besoek waardig is. Navorsers kan die leeskamer gratis besoek en navorsing doen so lank as wat hulle wil. Soos by enige biblioteek word daar ook in die argiefbewaarplek van 'n verwysingstelsel gebruik gemaak wat van toepassing is op 'n bepaalde versameling. Jy sal dus 'n bietjie hulp nodig hê om die stelsel wat gebruik word te verstaan, maar dit is iets wat jy sommer gou onder die knie sal kan kry met die hulp van personeel. Wat 'n besoek aan die argief besonder opwindend maak is die vooruitsig dat jy dalk op die handtekening of self 'n brief van 'n stamvader/moeder sal afkom of selfs iets ontdek oor jou familie wat niemand in jou familie nog ooit van geweet het nie. Ongelukkig kan jy nie afskrifte van meeste van die dokumente maak nie, maar jy word toegelaat om foto's van die dokumente te neem.

Ons almal vorm deel van 'n familie. 'n Groep mense wat nie net deur oorerflike gene aan mekaar verbind is nie, maar wat 'n geskiedenis deel. Soms besef 'n mens nie eers watter kosbare vertellings deel uitmaak van jou familiegeskiedenis nie. Een so 'n vertelling mag jou op 'n dag dalk prikkel om meer van jou voorgeslagte te wete te kom. Dit is dan wanneer jy dalk op 'n navorsingsreis mag gaan wat jou 'n leeftyd kan besig hou.

**Bronne**

*De Villiers, CC. **Geslacht-register der Oude Kaapsche Familiën**.- Van de Sandt de Villiers, 1893.

Du Preez, T. Die onbetroubaarheid van genealogiese bronne; wenke vir beginners, *Familia*, 40(4) 2003.

Genealogiese Instituut van Suid-Afrika *www.gisa.org.za*

Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika *http://www.rootsweb.com/~zafgssa/*

*Heese, JA. **Suid-Afrikaanse geslagregisters = South African genealogies**.- Protea Boekhuis, 1986.

*Lombard, RTJ. **Handleiding vir genealogiese navorsing in Suid-Afrika**.- RGN, 1977.

Malherbe, DF. **Driehonderd jaar nasiebou: stamouers van die Afrikanervolk**.- Tegniek, 1959.

*Pama, C. **Die groot Afrikaanse familienaamboek**.- Human, 1983.

***Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal**.- Pearson Education S.A., 2005.

*Nota: Sien ook artikel, Researching your family's past, deur Jaco van der Merwe in **KB**, Julie/Augustus 2007.*

* *Titels beskikbaar in Biblioteekdiens*

*Ons almal vorm deel van 'n familie.*
*'n Groep mense wat nie net deur oorerflike gene aan mekaar verbind is nie, maar 'n groep mense wat 'n geskiedenis deel.*
*Soms besef 'n mens nie eers watter kosbare vertellings deel uitmaak van jou familiegeskiedenis nie.*
*Een so 'n vertelling mag jou op 'n dag dalk prikkel om meer van jou voorgeslagte te wete te kom*